# WET OP OORTREDING

In terme van die Wet op Oortreding is ’n betreder ’n persoon wat onregmatig en sonder toestemming op iemand anders se grond teenwoordig is. So ’n persoon maak hom of haar skuldig aan ’n kriminele oortreding.

Iemand wat ’n wettige rede het om op iemand anders se eiendom te wees, kan nie skuldig bevind word van betreding nie – selfs al is hy of sy daar sonder die eienaar se toestemming. Daarom kan iemand wat goedere aflewer, ‘n verteenwoordiger of iemand wat navraag doen oor aanwysings, nie ‘n oortreder wees nie. Die Wet op Oortreding maak nietemin voorsiening vir die vervolging om te bewys dat die beskuldigde die eiendom betree het sonder toestemming. Die persoon in die beskuldigdebank moet ‘n wettige rede vir sy teenwoordigheid kan voorsien.

Vee-eienaars moet seker maak dat persone wat van veediefstal aangekla word, ook aangekla word van onwettige betreding. Die straf vir hierdie oortreding is ‘n boete van hoogstens R2 000 of tronkstraf van hoogstens twee jaar, of beide.